

virseker

Jou versekering, jou mense, jou taal.

'n Trots-Afrikaanse produk, aan jou gebring deur FSP Solutions.



Die makelaar-voordeel

Terwyl baie van ons kliënte gemaklik is om direk met ons te werk, is daar ook diegene wat die meer persoonlike interaksie en waardevolle advies wat 'n makelaar bied, verkies.

Sommige kliënte het:

- groot, komplekse portefeuljes
- deskundige hulp nodig.



Ons makelaarsnetwerk bied persoonlike diens deur:

- kliënte te ontmoet,
- die fisiese risiko's te assesser, en
- 'n oplossing vir hul behoeftes te formuleer.

DIENS in AFRIKAANS

Meer omtrent Virseker

Virseker bied 'n volledige versekeringsdiens in Afrikaans – van kwotasie tot verkope.

Ons mark verteenwoordig 'n diverse groep mense met:

- verskillende ouderdomme,
- verskillende belangstellings, en
- verskillende versekeringsbehoeftes.

Virseker se leuse "Jou versekering, jou mense, jou taal" som ons rasionaal mooi op. Benewens omvattende motor-, huisinhoude- en geboueversekering bied ons ook bystandsvoordele soos trauma-, regs-, pad- en mediese bystand, M.I.V.-beskerming en ons gewilde Gatsakbonus.

'n Gedeelte van ons kliënte se premies word aan die Virseker Trust geskenk.

- Die Trust het tot dusver R1 miljoen aan die Rapport Onderwysfonds geskenk, wat die opleiding van wiskunde- en wetenskaponderwysers befonds.

Ons glo dat ons produkaanbieding die behoeftes en ideale van die Afrikaanssprekende mark besonder goed aanspreek.

Dis 'n diens waarmee ons mark onmiddellik kan assosieer en met trots by betrokke kan wees.

Produkte net vir jou!

By Virseker bied ons aan jou pasgemaakte versekering, sowel as:

- regsbystand,
- persoonlike ongeluksdekking, en
- selfs hulp as jou ID-dokument gesteel word!

Vir jou voertuig

As jou motor voete kry of afgeskryf is, kan dit 'n lelike gat in jou broeksak brand. Selfs net 'n ligte ou stampie aan jou motor (of iemand anders s'n) is genoeg om jou sak te ruk. Dis hoekom Virseker jou verskeie keuses bied as dit by jou motorversekering kom. En benewens jou motor kan jy ook jou karavaan, watertuig, gholfkaretjie, sleepwaentjie en motorfiets deur Virseker dek.




Vir jou huishouding

Alarms dien 'n goeie en geraserige doel wanneer iemand by jou huis inbreek, maar teen die tyd dat iemand daaraan gehoor gee, hol die boewe gewoonlik alreeds met jou tekkies in die straat af en is jou kosbare besittings ook skoonveld. Met huisinhoudeversekering deur Virseker kan jy ontspan, want ons maak seker dat jou tekkies (en die res van jou huisinhoude) nie permanent voete kry nie.



Vir jou besittings

Jou besittings is óf van goud gemaak, óf hul gewig in goud werd. Dis nou goed soos jou juwele (ouma s'n inkluis), jou kamera, skootrekenaar, bril, selfoon, ens. Omdat ons weet hoe kosbaar hierdie items vir jou is, span Virseker die kroon en dek jou vir jou draagbare besittings – en daarvoor hoef die besittings boonop nie noodwendig weg van die huis af te wees nie.



Hoekom Virseker?

- Soomlose Afrikaanse diens
- Vinnige kwotasies
- Maklike eise
- Gemoedsrus en waarde vir geld

Kontak jou FSP Solutions konsultant vandag nog vir jou Virseker agentskap.

Tel: 011 206 5004

E-pos: brokerhelpdesk@fspolutions.com

Web: www.fspolutions.com